



8 MEI 2022

TORINGKERK NUUS

MOEDERSDAG | SONDAG EREDIENS



I shall pass through this world but once

I shall pass through this world but once,
any good thing therefor I can do,
or any kindness that I can show to any human being,
let me do it now, let me not defer it or neglect it,
for I shall not pass this way again.


(Onbekend)

KOMBERSE

Die winter is om die draai en ons samel weer komberse in vir ons broers en susters in die Paarl wat hierdie winter koud gaan slaap. Hierdie jaar vat ons hande met ons netwerk om die verspreiding van die komberse uit te brei.

Saam met netwerke en pastore sal hierdie komberse in Mbekweni, Paarl Oos en selfs by Cansa uitgedeel word. Hulle hou ook terug vir tye wanneer informele nedersetting huise afbrand weens "heaters" in die winter seisoen (en rampe).

Indien jy 'n kombers het om te skenk, kan jy dit voor of op 5 Junie by die kantoor aflaai of na die erediens bring by die kerk.



KLERE VIR MSINGA

Het jy miskien vroue of kinderklere wat jou kas volstaan en jy nie meer gebruik nie? Ons het baie vriende in Msinga (KZN) wat hierdie klere baie sal waardeer! Jy is welkom om die klere by die kerkkantoor af te laai tussen 9h-13h in die week. Andersins kan jy vir Eddie kontak vir 'n ander reëling. Klere moet asb skoon gewas en reeds uitgesorteer wees.

Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak vir die Msinga Fonds, dan kan jy 'n inbetaling by die kerk maak met verwysing na "Msinga".

***Ngiyabonga kakhulu!
(Baie dankie in Zulu)***

VORM & VOLG MATERIAAL

Geloofsformasie is so belangrik vir elke Christen. Ons wil gelowiges toerus om elke dag volgens God se wil her-skep te word. Ons kleingroep materiaal se nuwe naam is "Vorm & Volg". Ons dink aan Jesus se woorde wat die dissipels roep "volg my".

Op hierdie reis word ons ge-"vorm" om soos Hy te wees. Gebruik asb die "Vorm & Volg" materiaal vir kleingroepe en vir individuele stiltetyd of nadenke. Die materiaal handel oor die Sondag se preek en is beskikbaar op die webtuiste en harde kopieë in die kerk.

Kontak vir Ryno vir enige verdere inligting.



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

dagboek

DIE DATUM



26 MEI

HEMELVAART
Toringkerk



29 MEI-5 JUN

PINKSTER
Toringkerk



29 MEI-5 JUN

KINDER
PINKSTER



04 JUN

TWEE (BOKSE) KONSERT
Toringkerk

**twee
 (bokse)**



1-30 JUNIE DANKOFFERMAAND
Junie-maand



19 JUN

POPPEKAS
Toringkerk | 09:30

MOEDERSDAG

Here, ons bid vandag vir alle moeders, ma's, oumas en moedersfigure. Ons vier saam met hulle al hul kinders en kleinkinders: biologies, aangeneem of geestelik. Ons dank U vir wat hulle doen en vir hulle omgee - hulle is soos sout in ons lewens. Hulle bring die beste geure in ons na vore. Ons bid ook vandag vir almal wat hul ma's, oumas en vrouens verloor het, asook alle enkelpa's en ons ondersteun hulle. Maak ons ook bewus van almal wat nooit 'n ma of moederfiguur geken het nie en stuur ons om hulle te ondersteun. Moedersdag beteken vir ons elkeen iets anders en ons bid dat U by elke persoon sal wees en ons sal gebruik soos sout in die wêreld sodat almal die liefde kan ervaar wat hulle nodig het. Amen (*Gebed uit DinkJeug*)



HAM SKOENDOSE

Huis Andrew Murray hou weer hul winter Kersfees partytjie in Junie! Ons as gemeente is weer gevra om skoendoos-geskenke vir die dogters van Huis Aristeia te pak.

Tans is daar 12 dogters en 1 huismoeder wat in Huis Aristeia woon. Daar is spesifieke behoeftes en 'n wenslysie wat opgestel word vir elke individuele dogter, wat as riglyn kon dien vir die inhoud van die skoendoos.

Indien jy graag 'n skoendoos vir een van die dogters wil opmaak, kontak asb vir Janneke.

TORINGKERK SPAN LET WEL:

Let asb op die volgende datums wanneer ons span nie in die Paarl beskikbaar is nie:

Jana
6 Mei - 15 Mei

Ryno
11 Mei - 13 Mei

Janneke
9 Mei - 19 Mei

Jy is welkom om in hierdie tye die kantoor of vir Dawfre te kontak.



HOE LYK 'N MISSIONALE BEDIENINGSSPAN?



1. WAT IS 'N BEDIENAAR?

Bedienaars is ouderlinge en diakens wat goedgekeurde bedieningsopleiding ontvang in 'n spesifieke area van bediening. Bedienaars word deur die ring bevestig en deur gemeenteleraars gementor.

2. WAT IS 'N STANDPLAASLERAAR?

Dit is leraars wat opleiding ontvang vir 'n spesifieke missionale konteks en gelegitimeer is om daardie spesifieke konteks te kan bedien. Hierdie leraars is nie beroepbaar vir ander kontekste nie (bv. leraars vir die dowe- of Boesmanbediening).

3. WAT IS 'N TENTMAKER?

'n Tentmaker is gelegitimeerde leraars in 'n deeltydse pos vir 'n onbepaalde termyn

4. WAT IS 'N DIENSLERAAR?

'n Diensleraar is 'n persoon wat die vereiste kerklike opleiding deurloop het, vir 'n spesifieke **toegespitste bedieningsterrein** gelegitimeer en bevestig is om hierdie diens te lewer ooreenkomstig die terrein van opleiding. Diensleraars verrig 'n toegespitste bediening in een of meer spesifieke veld soos byvoorbeeld: pastoraat, jeug- en familiebediening, prediking, **diakonaat**, geloofsvorming, evangelisasie, kerkplanting, aanbidding, bejaardebediening, berading, lering, uitreikbediening en sending. Teen hierdie agtergrond word diensleraarposte primêr geskep om in 'n missionale konteks toegespitste bedieninge te behartig. Dit is dus ook nie bedoel is om predikantsposte te vervang in gemeentes nie.


5. WAT IS 'N LERAAR?

Gemeenteleraars is gelegitimeerde leraars wat in gemeentes georden is met die volle opdrag van gemeentebediening en gemeenteleierskap. Dit is persone wat tot die oortuiging gekom het dat die Here hulle roep vir die bediening as leraars. Na afloop van hulle opleiding sou hulle as voltydse leraars of as tentmakers kon diens lewer. B. Div (vier jaar NKR 7) met Grieks en Hebreeus 2.

HOE LYK 'N MISSIONALE ROEPINGSPAD?

Voel jy geroep om te bedien, maar voel nie bekwaam vir die bediening nie? Die NGK bied nou vir jou geleentheid op jouself te bekwaam vir die beroeping, al staan jy reeds in 'n ander beroep.

Kontak enige een van die Toringkerk span om te gesels oor jou roepingspad.



BEROEPING

Ons is baie dankbaar en opgewonde om die volgende aankondiging te maak:

Proponent Janneke Alta Marais word beroep na NG Gemeente Toringkerk as Diensleeraar met die fokus op Gemeenskapsontwikkeling en Jeug.

Hierdie afkondiging is reeds verlede Sondag in die gemeente aangekondig en sal weer hierdie Sondag aangekondig word. Binne hierdie twee weke kry lidmate geleentheid om, indien hulle beswaar teen die beroep het, dit skriftelik aan die Gemeenteraad te kommunikeer. Janneke sal na die afloop van die twee weke 'n formele beroepsbrief ontvang en sy het dan twee weke om te reageer.



DEURKOLLEKTE

waarheen gaan ons deurkollekte hierdie week?

**BOLAND SKOOL
VIR OUTISME**

KALENDER BORG

ons is so dankbaar vir ons Mei-maand borg



**Verkope, reparasie
& installasies**

Nuwestraat 9, Paarl, 7646 Tel: (021) 8721346 - Faks: (021) 8726625
e-pos: sales@cathmar.co.za - Webruimte: www.cathmar.co.za

BAIE GELUK met jou verjaarsdag!

8 MEI INA TROOST

9 MEI JURIE HAYES

9 MEI JOHANNES PRETORIUS

9 MEI JACO TERBLANCHE

10 MEI RUBENNA LOUBSER

10 MEI JAENETTE STRUWIG

11 MEI BEYERS JONKER

11 MEI EUGENE LOUW

11 MEI MICHAU OLIVIER

11 MEI HANNEKE VISSER

11 MEI THYS WALTERS

12 MEI JULANDIE HAYES

12 MEI MARCUS LIEBENBERG

12 MEI KIRA ORPEN

14 MEI JACQUES BRESLER

14 MEI JANNIE LAMPRECHT

KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094



OFFERGAWES

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES



TORINGKERK ZAPPER

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.